Son 23 Aug (Hand 10:34-35, Deut 10:17, 2Kron 19:7)
Here, U Woord leer ons dat U vir niemand partydig is nie en dat U ook nie omgekoop kan word nie. By U is daar nie onreg, bevoordeling en korrupsie nie. U trek niemand voor nie. U maak geen onderskeid nie. U verlossingsgenade sluit alle mense in wat in Jesus glo. Ons dank U daarvoor!

Ma 24 Aug (Open 14:6-7)
Ewige God, seën asb die verkondiging van die Evangelie aan die bewoners van die aarde, aan elke nasie, stam, taal en volk. Gebruik asb elke sendeling, prediker, elke christen om die blye boodskap oor die wêreld uit te dra, sodat U al die eer sal ontvang. Laat alle mense U vrees en U aanbid, U wat die Skepper van alle dinge is.

Di 25 Aug (Ps 104:27-28, Ps 111:5)
Here, die finansiële krisis waarin die wêreld tans is, raak ons ook. Baie mense kry regtig swaar. Leer ons asb om verstandig te wees, om eenvoudig te leef en om vergenoeg te wees. Laat ons met ander deel, al het ons min. Laat ons nie in die versoeking kom om die geld wat U toekom, terug te hou nie. Voorsien asb in al ons behoeftes soos U beloof het.

Woe 26 Aug (Luk 6:12)
Here Jesus, dankie dat U 'n hoorder van gebed is. Dankie dat U ons geleer het om te bid en dat U ook vir ons die voorbeeld gestel het. U was gedurig in gesprek met U Vader. U het U krag en U troos by Hom gekry, U nood by Hom bekla, met hom geworstel oor U probleme en berusting gevind in Sy antwoorde. En noudat U aan die regterhand van die Vader sit, bid U steeds vir ons! Dankie Here!

Do 27 Aug(Rom 12:1-2)
Hemelse Vader, U het ons uit genade geroep om U diensknegte te wees. Maak ons gereed en gewillig om U geringste bevele uit te voer. Suiwer ons denke en maak ons vlytig en getrou in ons roeping. Gee aan ons krag, toewyding, doelgerigtheid en vreugde in ons arbeid. Maak van ons lewende en heilige offers. Bewaar ons van versoekings wat ons aandag sal aflei en gebruik ons tot U eer.

Vry 28 Aug(Ps 144:12)
Vader van genade en liefde, hoe groter ons kinders word, hoe minder kan ons vir hulle doen. Hulle raak al meer op hulself aangewese. Ons kan hulle nie vir altyd vashou nie. Here, ons kan hulle alleen maar aan U liefdevolle sorg toevertrou. Ons bid dat die gebrekkige invloed wat ons op hulle gehad het, deur U geheilig en gesuiwer sal word. Hou hulle asb staande en bewaar hulle op die lewenspad vorentoe.

Sat 29 Aug(Rom 15:30-31)
Here, herinner ons gedurig daaraan om saam met ons leraars te stry deur vir hulle te bid. Ons geestelike leiers leef onder baie druk en is ook blootgestel aan aanvalle van die bose - beskerm hulle asb. Ons bid vir hul gesinne, hul huwelik, hul gesondheid en geestelike groei. Gee asb aan hul oordeelsvermoë, moed en krag om elke dag nuut aan te pak.

V O L H A R D

Son 30 Aug(1Pet 1:25)
Dankie dat U Woord vandag weer op baie plekke verkondig sal word, Here. Vul asb elke prediker met U Heilige Gees sodat die boodskap mense sal aanraak en vernuwe. U Woord is kragtig en het die mag om te skep en te herskep. U Woord en U Gees bring mense tot geloof. Laat daar dan nou in die hemel en op aarde blydskap wees oor baie mense wat vandag tot geloof kom.

Ma 31 Aug(1Joh 5:16, 1Tim 2:1-6, Eseg 18:23)
Here, ons bid vandag vir vriende en familie wat nog nie gered is nie. Ons het 'n verantwoordelikheid om vir hulle te bid. Heilige Gees, openbaar asb die waarheid in hulle harte, oortuig hulle van sondes en wek by hul die begeerte om daarmee te breek, lei hul tot geloof in Jesus se liefde en vryspraak. Bevry hul van negatiewe gewoontes en invloede en leer hulle om U bo alles lief te hê.

Di 1 Sept(Jak 5:14-16)
Here, U is die groot Geneesheer, U het medelye met mense wat swaarkry. Ons dink vandag aan almal wat ernstig siek is, wat pyn en lyding verduur en wat swaarkry. By U is niks onmoontlik nie. Raak hulle asb aan met U genesende krag en gee asb vir hulle weer moed om aan te gaan. Seën ook almal wat hulle in liefde versorg. Ons bid dit in Jesus se Naam.

Wo 2 Sept(Ps 25:4-5, Ps 130)
Grote God, in U stel ons elke dag ons verwagting. Leer ons om na U te luister. Maak al die ander stemme in ons binneste en die stemme om ons stil. Leer ons om ons hele wese aan U oor te gee en om aktief op U te fokus. Ons het nog so baie om van U te leer! Laat ons geduldig op U wag en gehoorsaam wees wanneer U met ons praat.

Do 3 Sept(Ps 8:7, Kol 3:10)
Ewige God, U het ons geskep met die opdrag om die aarde te bewoon, te bewerk en op te pas. U het ons aangestel om te heers oor U skepping. U het alles aan ons onderwerp. Ons is U verteenwoordigers op aarde. U het vir elkeen van ons 'n doel. Hierdie wete oorweldig ons soms. Help ons asb om ons godgegewe verantwoordelikheid na te kom. Ons stel ons tot U beskikking. Leer ons asb wat om te doen.

Vr 4 Sept(1Kron 4:10, Spr 14:26, Spr 20:7)
Genadige God, stort asb U seën oor ons kinders uit. Neem hulle asb onder U beskerming en weerhou onheil van hulle. Waak asb oor hulle in hul vormingsjare en hou hul styf vas wanneer verkeerde dinge dreig om hulle af te rokkel. Wees U hulle skuiling en laat hulle hul vreugde in U vind. Laat U vrede met hulle wees. In Jesus se Naam.

Sat 5 Sept(Ps91)
Here, seën asb ons geestelike werkers en hul families. Ons bid dat hulle sal toelaat dat U Gees hulle werk en lewens sal beheer en dat hulle U leiding sal aanvaar. Ons bid dat hulle die waarhede in die bybel reg sal verstaan en seën hulle met die vermoë om dit reg en effektief oor te dra. Gee asb aan hul wysheid, geduld, onderskeidingsvermoë en liefde.

V O L H A R D

GEBEDSPROGRAM: N.G. Kerk Waverley

VOLHARD IN GEBED

Sondag 2 Augustus tot Sat 5 September 2009

Ons begrip van God het 'n baie groot invloed op ons verhouding met Hom en bepaal tot 'n groot mate ons gebede. In **prof Malan Nel** se boek ***"Godsbegrip en Gebed"*** sê hy dis belangrik om te weet met Wie ons praat as ons bid. Hy skryf dat ons moet onthou **God is 'n lewende Persoon**, wat by ons teenwoordig is. Hy is die Skepper van alles, die enigste Here en God. Hy het mense baie lief en sorg vir hulle.

Hierdie liefde van die Vader loop uit op die koms van Christus. **God is herskeppend betrokke by die skepping**; hiervoor het Christus gesterf en opgestaan, en het die Heilige Gees gekom. God sorg en versorg, Hy gee opreg om, Hy verstaan, voorsien, vermaan, tug, dissiplineer, gee raad, vergeef, bemoedig en lei. Hy is regverdig en onpartydig.

As ons bid, praat ons met hierdie God. Ons is God se kinders. Ons behoort aan Hom. Ons kan egter nie met Hom praat asof Hy ons bevele moet gehoorsaam nie. Hy is nie 'n afgod nie. Ons is klein voor God. In die skepping is ons maar een van miljarde mense, tog is ons belangrik. God hou ons verantwoordelik vir dit waarvoor Hy ons aangestel het.

Ons moet **Hom eerbiedig**. Dit is God wat self vir ons die insig gee om te verstaan wie Hy is. As ons nie respek vir Hom het of betoon nie, ken ons Hom nie regtig nie, het ons nie 'n verhouding met Hom nie of gee ons nie vir Hom om nie. Ons moet weer dink oor hoe ons bid. Praat ons met onsself of praat ons met God? Baie woorde is onnodig, ons hoef Hom nie breedvoerig in te lig nie - Hy weet alreeds!

Gebed is ook om te luister na God, wat deur Sy Woord en Sy Gees met ons praat. Daarom kan gebed en bybellees nie geskei word nie. Ons bid omdat ons die wil van God soek. Dit gaan om God se eer.

Gebed is gemeenskap met God. Dit is om te leef in die teenwoordigheid van die Een wat ons liefhet. Dis 'n ontmoeting, 'n verhouding. Ons moet die herstelde verhouding geniet. Prof Malan Nel skryf voorts dat **ons verhouding met God, ons en ons leefwêreld anders maak. Dit behoort tot uiting te kom in ons verhouding met onsself, met ander mense en met die skepping.**

Seënwense.
Kobie. (Tel. 012 3332916)